

**Sondag 17 Mei 2020**  
**Fokusteks: 1 Petrus 3:18-22**

Het jy vandag behoefte aan bemoediging? 'n Woord van troos en hoop? Ek dink almal van ons het dit een of ander tyd nodig. Al is dit miskien nie vandag nie, maar iewers in die toekoms sal jy dit nodig hê. Ons leef nie in 'n perfekte wêreld nie. Iewers langs die pad ervaar ons die volle werklikheid van 'n gebroke samelewing. Ons word nie daarvan gevrywaar nie.

Petrus praat in sy eerste brief oor 'n spesifieke soort swaarkry, naamlik die bespotting en vernedering wat Christene moet verduur omdat hulle in Jesus glo en Hom navolg. Hulle was onregverdig behandel en het geen regte gehad nie. Dit is dalk vir ons nie so maklik om daarmee te identifiseer nie, want ons mag vrylik die Here aanbid. Dit is "sosiaal aanvaarbaar" dat ons Bybel lees en kerk toe gaan. Ons kom nie in die moeilikheid daarvoor nie. Tog kry die Christelike geloof al meer die wind van voor. Statistieke wys dat kerke se lidmaatgetalle al minder word. Die inhoud en gesag van die Bybel word al meer bevraagteken. God se bestaan word in twyfel getrek. Ek moet erken, met alles wat in hierdie wêreld gebeur, is dit soms moeilik om God raak te sien en jou geloofsoë op Hom te hou.

In hierdie opsig deel ons dieselfde kwelvraag as die groepie gelowiges aan wie Petrus skryf. Is dit alles die moeite werd? Is die nuwe lewe en die lewende hoop waarvan hy praat in 1:3,4 wonderbaar genoeg om ons gefokus te hou op God? Ek onthou nog goed hoe my oudisie om lid te word van 'n koor verloop het. Ek moes o.a. 'n lied sing terwyl die koorleier met opset vals note en akkoorde gespeel het. Dit was 'n toets om te bepaal hoe nootvas ek is. Die uitdaging vir my was om te besluit waarop ek moet fokus - om te bly by die regte melodie of om deur die vals begeleiding verwar te word.

Dit is so maklik om verwar te word wanneer jou geloof in God op die spits gedryf word. Soms word ons gekonfronteer met allerhande vals wysies wat ons van ons "noot" wil afkry. Die vernedering en bespotting wat die gelowiges in Klein-Asië beleef het, was so 'n vals melodie. Petrus bemoedig hulle dwarsdeur sy brief om hul vrese en kwelvrae aan te spreek. Hulle moet groot dink oor die kerk, oor die evangelie, oor die hoop wat in hulle lewe, oor hulle toekoms, oor hulle geloofslawe en oor hulle doop. Dan sal hulle ook nuut en anders na hulself kyk. In ons teksgedeelte wys hy hulle op drie sake. Eers praat hy oor die voorbeeld en plaasvervangende werk van Christus, dan volg die voorbeeld van Noag en dan hoe die Here vandag as Oorwinnaar by sy kinders is en in hulle werk.

1 Pet.3:18

*Ook Christus het een maal vir die sondes gely, die onskuldige vir die skuldiges, om julle na God te bring, Christus wat as mens doodgemaak is, maar deur die Gees lewend gemaak is.*

Dit is gerusstellend om te weet dat Jesus, op wie jy jou ganse lewe bou en in wie se Naam jy bid, self swaargekry het. Hy verstaan dus wat in jou gemoed is. Jy gaan nie hulp soek by iemand wat nie iets van jou persoonlike worsteling begryp nie. As daardie persoon boonop deur 'n soortgelyke lyding as jy gegaan het, sal jy egte troos en bemoediging ontvang. Dit is wie Jesus vir ons is. Hy is egter meer as net 'n voorbeeld van iemand wat op eens op 'n tyd swaargekry het. Daar staan in v.18 dat Hy *een maal vir die sondes gely het, die onskuldige vir die skuldiges*. Hy staan in ons plek voor die regterstoel van God. Hy word die plaasvervanger, al was Hy onskuldig en al het Hy geen sonde gedoen nie. God het sy Seun na hierdie gebroke wêreld gestuur om 'n volmaakte lewe te leef en die volle aanslag van die sondige wêreld teen te staan. So neem Hy elke sondige woord, daad, gedagte en begeerte op Hom en dra dit namens ons aan die kruis. In ons plek. Ons is van die oordeel van God gespaar. Dis afgehandel, God is tevrede. Die kruisiging hoef nie herhaal te word nie. Die offer was volmaak en voldoende.

Wat is die resultaat van Jesus se lyding vir die sondes? Daar staan verder in v.18, ... *om julle na God te bring*. Dink weer aan wat die gelowiges in daardie tyd ervaar het - hulle pas nêrens in nie. Hulle is as vreemdelinge in die samelewing beskou en is ook deur hul familiekringte verwerp omdat hulle die afgodsdienste die rug toegekeer het en Jesus begin navolg het. Maar nou is hulle, danksy die offer van Jesus aan die kruis, deel van 'n nuwe familie. Hulle is verwerp deur hul eie mense, maar word in liefde aanvaar by God. Hulle hoef nie meer eer en aanvaarding van mense te soek nie, by God is hulle welkom. Onthou dan, as kind van die Here kan jy hieraan vashou: Ek is reeds deur God aanvaar. Ek hoef nie sy liefde te soek nie, ek het dit reeds ontvang. My menswees is nie afhanklik van wat mense aan my doen of van my sê nie, ek bepaal my met wat God reeds vir my gedoen het en nog in die toekoms sal doen. Dit alles is moontlik vanweë die plaasvervangende offer van Jesus Christus.

Petrus beweeg aan met sy bemoediging in verse 19-21.

*<sup>19</sup>En so het Hy na die geeste in die gevangenis gegaan en daar sy oorwinning aangekondig. <sup>20</sup>Dit is hulle wat aan God ongehoorsaam gebly het toe Hy groot geduld met hulle aan die dag gelê het in die tyd toe Noag die ark gebou het. Net 'n klein klompie in die ark, ag in getal, is deur die water gered. <sup>21</sup>Dit dui op die doop, waardeur julle ook nou gered word. Die doop is nie 'n afwassing van die vuilheid van die liggaam nie, maar 'n bede tot God om 'n skoon gewete, en dit red julle op grond van die opstanding van Jesus Christus.*

Hierdie verse is genoeg om 'n mens baie te laat kopkrap. Daar is heelwat uiteenlopende verklarings van wat hier staan en wat dit beteken. Petrus verwys terug na die tyd van Noag. Noag en sy familie was maar min, ag in getal. Stel jou voor watter spot en vernedering hulle moes ervaar deur baie jare lank aan 'n ark te bou met geen water in sig nie. In die oë van die omstanders was dit die toppunt van dwaasheid. Noag het, volgens 2 Pet.2:5, die wil van God verkondig, maar sy boodskap is verwerp. Daar is dus 'n ooreenkoms tussen Noag en Jesus. Albei se woorde is verwerp. Albei is uitgelag en bespot. Albei moes vernedering verduur. Albei is deur God gered. Noag was veilig in die ark en Jesus is uit die dood opgewek.

Die ongehoorsames in die tyd van Noag het in die vloed omgekome omdat hulle volhard het in hulle sonde teen God. Dit is die geeste waarna verwys word. Petrus gebruik hierdie beeld om aan te dui dat Jesus gesterf maar opgestaan het. Hy is die lewende, triomferende Christus. Sy oorwinning word oral aangekondig, ook aan almal in die doderyk. Vir die ongehoorsames is dit 'n boodskap van veroordeling, vir die gehoorsames een van oorwinning en redding. Wat beteken dit vir die Christene aan wie Petrus skryf? Hulle kry swaar ja, net soos Noag en Jesus dit beleef het, maar ontvang die heerlike versekering dat hulle oorwinnaars in Christus is.

Die verwysing na die doop beteken dat daar iets besonders met hulle gebeur het. Hier gaan dit nie oor enige uiterlike handeling nie, maar die boodskap wat die doop verteenwoordig, naamlik redding op grond van Jesus se opstanding uit die dood. Die water in Noag se tyd was tegelyk oordeel en redding. Toe die water van oordeel kom en die ongehoorsames vernietig, is Noag deur dieselfde waters veilig na redding geneem. Dit laat Petrus aan die doop dink. Daar gaan dit ook oor oordeel en redding. Die doop verkondig dat ons ou mens saam met Jesus gesterf het en dat ons as 'n nuwe mens saam met Hom opgestaan het. Die doop bevestig dat ons nou deel aan Jesus se opstanding het. Die doop as *bede tot God* beteken dat ons onself verplig om 'n *skoon gewete* te behou, d.w.s. om in die regte gesindheid tot God te staan. Dit is moontlik vir ons om dit te doen omdat Christus die verhouding herstel het.

Petrus sluit hierdie gedeelte af met 'n laaste bemoediging (1 Pet.3:22)

*Hy is nou aan die regterhand van God nadat Hy die engele en magte en kragte aan Hom onderwerp het en die hemel ingegaan het.*

Vir die Christene was dit 'n geweldige troos om te weet Jesus sit aan die regterhand van God. Dit beteken dat Hy oor alle mag beskik. Hy oefen sy heerskappy uit oor alle magte en kragte. Ons hoef geen ander, bese magte te vrees nie. Die krag wat Jesus uit die dood opgewek het is dieselfde krag wat nou in ons werksaam is. Watter wonderlike troos! (Lees gerus hoe mooi Paulus daaroor skryf in Efesiërs 1:18-23.) God is daar vir jou in alle moeilike situasies en omstandighede. Hy sal jou vashou deur sy reddende krag. Skep moed uit dit wat Jesus vir jou gedoen het en wees getrou aan God. Hy is oorwinnaar, en jy saam met Hom!

### **Gebed**

Ek loof en prys U dat ek gedurig uit u genade kan leef!

U nabyheid versorg my en u liefde gee my vrede.

Amen